We have received a COR15.2 (Amendment of Memorandum of Incorporation) from you dated 08/11/2016.

The Amendment of Memorandum of Incorporation (1) was accepted and placed on file.

The Change of Name (2) was accepted and placed on file.

The name was changed from  
KWV SOUTH AFRICA  
to LA CONCORDE SOUTH AFRICA.

Yours truly

**Commissioner: CIPC**

OME OME

**Please Note:**The attached certificate can be validated on the CIPC web site at [www.cipc.co.za](http://www.cipc.co.za).


The contents of the attached certificate was electronically transmitted to the South African Revenue Services.



The Companies and Intellectual Property Commission

of South Africa

P.O. BOX 429, PRETORIA 0001, Republic of South Africa, Ex 266, PRETORIA

Call Centre Tel 086 100 2472, Website [www.cipc.co.za](http://www.cipc.co.za)

Handwritten signature/initials

CoR 14.3

**Certificate issued by the Companies and Intellectual Property  
Commission on Thursday, January 05, 2017 09:18  
Certificate of Confirmation**



Companies and Intellectual  
Property Commission

A Division of the Department of Trade and Industry

Registration number	1997 / 020814 / 07
Enterprise Name	LA CONCORDE SOUTH AFRICA (PTY) LTD
Enterprise Shortened Name	KWV SA
Enterprise Translated Name	KWV SOUTH AFRICA
Registration Date	12/02/1997
Business Start Date	12/02/1997
Enterprise Type	Private Company
Enterprise Status	In Business
Financial year end	March
Main Business/Main Object	
Postal address	POSBUS 528 SUIDER-PAARL SUIDER PAARL Western Cape 7624
Address of registered office	HOOFSTRAAT 57 LA CONCORDE PAARL Western Cape 7646



The Companies and Intellectual Property Commission  
of South Africa

P.O. BOX 429, PRETORIA, 0031, Republic of South Africa, Docx 260, PRETORIA

Call Centre Tel 086 103 2472, Website www.cipc.co.za



Handwritten signature/initials

# MEMORANDUM VAN HUUROOREENKOMS

Aangegaan deur en tussen

**DIE MUNISIPALITEIT STELLENBOSCH**

hierin verteenwoordig deur

**GERHARDUS MATTHYS STRYDOM EN ERASMUS PETRUS SMITH TALJAARD**

in hul onderskeie hoedanighede as Uitvoerende Hoof/Stadsklerk en/of Burgemeester van  
gemeelde Munisipaliteit

("die VERHUURDER")

**en KO-OPERATIEWE WIJNBOUERS VERENIGING VAN ZUID AFRIKA  
BEPERKT**

hierin verteenwoordig deur **SCHALK WILLEM JOUBERT** IN SY HOEDANIGHEID  
AS SEKRETARIS VAN KWV

as synde die gevolmagdigde verteenwoordiger ingevolge 'n besluit van die

22 APRIL 1980  
gedateer waarvan 'n afskrif as Bylae A aangeheg is.

("die HUURDER")

**NADEMAAL** die VERHUURDER die eienaar is van die eiendom bekend as

**PLAAS NO 369 P**

**GROOT 62,70 HEKTAAR**

soos aangedui op die aangehegte kaart

("die EIENDOM")

(E.P.)  
RJ

Handwritten signature and initials, including "CR".

Handwritten signature/initials.

Handwritten signature/initials.



EN NADEMAAL die VERHUURDER begerig is om die EIENDOM aan die HUURDER te verhuur en om 'n gedeelte van die verhuurde eiendom te laat inlys ooreenkomstig die bepalings van die Besproeiingsraad ("die BESPROEIINGSRAAD") vir daardie distrik geproklameer by die Theewaterkloof Staatswaterskema ("die SKEMA") kragtens die bepalings van die Waterwet, Nr 54 van 1956 ("die WET")

EN NADEMAAL die HUURDER begerig is om die EIENDOM te huur en om die waterregte wat as gevolg van sodanige inlysting ten opsigte van die verhuurde eiendom verkry word, op die verhuurde eiendom aan te wend

EN NADEMAAL die verhuring van die EIENDOM aan die HUURDER sowel as die inlystingsvoorwaardes op 'n vergadering van die Stadsraad gehou op 1990-05-15 (item 3.1.B) goedgekeur is.

#### NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE ONDERLING SOOS VOLG OOREEN

##### 1 TERMYN VAN VERHURING

Die VERHUURDER verhuur hiermee aan die HUURDER die EIENDOM wat deur die HUURDER in huur aangeneem word vir 'n tydperk wat begin op die eerste (1) dag van April 1991 en afsluit op die 31ste dag van Maart 2041 dog is steeds onderworpe aan die bepalings van subklousules 4.4 (laat betaling), 13.1 (sessie), klousule 20 (opsegging) en die bepalings van Bylae B hiervan.

- 2 Die VERHUURDER onderneem om alles te doen, of te laat doen, om 25,0 hektaar van die EIENDOM, of sodanige kleinere gedeelte wat goedgekeur mag word, soos uitgewys tussen die partye, kragtens die bepalings van die Wet by die SKEMA te laat inlys vir die verkryging van besproeiingswater soos deur die Besproeiingsraad per hektaar toegesê.

*[Handwritten signature]*  
LGR

*[Handwritten signature]*  
R/S

*[Handwritten signature]*  
R

*[Handwritten signature]*  
JH

- 3 Die **HURDER** sal geregtig wees om gedurende die huurtermyn in klousule 1 bepaal die waterregte wat as gevolg van sodanige inlysting verkry word ten opsigte van die verhuurde eiendom, op die verhuurde eiendom aan te wend op sodanige wyse soos goedgekeur deur die **VERHUURDER** en onderhewig aan alle terme en voorwaardes kragtens die bepalings van die Wet, of andersins bepaal, welke terme en voorwaardes aan die **HURDER** bekend is.

#### 4 **HURGELD, MUNISIPALE BELASTING EN INLYSTINGSKOSTE**

- 4.1 Die **HURDER** betaal eenmalig voor of op die 30ste dag van April 1992 by die kantoor van die Stadstesourier die bedrag van R31 577,93 (welke bedrag bereken is vir die tydperk vanaf die datum waarop die ooreenkoms 'n aanvang neem tot die 31ste dag van Maart 1993. Die **HURDER** betaal daarna jaarliks voor of op die 31ste dag van Maart van elke daaropvolgende jaar die basiese huurgeld plus verhoging plus addisionele huurpremie soos bereken volgens die voorwaardes wat as Bylae B hierby aangeheg is;
- 4.2 Die **HURDER** sal verder aanspreeklik wees om op aanvraag deur die **VERHUURDER** die volgende bedrae ("Inlystingsgeld") aan die **VERHUURDER**, of sy genomineerde, te betaal, naamlik:
- 4.2.1 enige en alle belasting, heffings en vorderings van welke aard en omvang ookal gehef te word deur die Besproefingsraad vir die gebied wat jurisdiksie het oor die verhuurde eiendom, die Departement van Waterwese en Bosbou of enige ander owerheidsliggaam, vir of ten opsigte van, maar nie uitsluitend nie -
- 4.2.2.1 bedryfs- en onderhoudskoste van die watervoorsieningskema;
- 4.2.2.2 administratiewe koste;
- 4.2.2.3 verpligte bydraes ten opsigte van 'n reserwefonds;
- 4.2.2.4 verpligte bydraes tot die Waternavorsingsraad;
- 4.2.2.5 die aankoopprys van water uit die **SKEMA**;

Handwritten signatures and initials are present at the bottom of the page, including a large signature on the left, a circled signature in the center, and several other initials and signatures on the right.

4.2.2.6 voorlopige uitgawes en tussentydse heffings wat deur die Besproeiingsraad en/of die Departement van Waterwese en Bosbou, opgelê word; en

4.2.2.7 die VERHUURDER beskou die voorlegging van 'n rekening van die Besproeiingsraad en/of die Departement van Waterwese en Bosbou as afdoende stawende bewys van die bedrag wat deur die HUURDER verskuldig is, opvallende foute en weglatings uitgesluit

4.3 Die VERHUURDER kan, indien nodig, vereis dat die HUURDER 'n bankwaarborg of ander garansie verskaf wat vir die VERHUURDER aanneemlik is ten opsigte van die huurgeld en inlystingsgelde wat betaalbaar is, en in die geval van 'n HUURDER wat 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is, sal die direkteure, lede of trustees daarvan skriftelik, gesamentlik en afsonderlik, as borge en mede-hoofskuldenare aanspreeklik wees vir die huurgeld en inlystingsgelde wat betaalbaar is.

4.4 Enige huurgeld of inlystingsgelde wat na die vervaldatum in subklousule 4.1 en 4.2 vermeld deur die HUURDER aangebied word, indien die VERHUURDER dit aanvaar, is onderworpe aan 'n rente wat maandeliks vooruit bereken sal word teen die standaardrentekoers soos artikel 214 van die Munisipale Ordonnansie, Ordonnansie nr 20 van 1974, soos gewysig of *enige ander toepaslike ordonnansie van tyd tot tyd bepaal* ten opsigte van elke maand of gedeelte daarvan.

4.5 Dit is 'n spesiale voorwaarde van hierdie ooreenkoms dat die VERHUURDER die reg voorbehou om hierdie ooreenkoms summier te kanselleer, sonder enige voorafgaande skriftelike kennisgewing, indien die HUURDER sou versuim om enige verskuldigde huur- of inlystingsgeld binne sewe dae vanaf die vervaldatum te vereffen, en so 'n kansellering affekteer generwyse die reg van die VERHUURDER om enige bedrag wat die HUURDER skuld of verskuldig mag word van hom te vorder nie.

EPS/AN

*[Handwritten signature]*

*[Handwritten signature]*

*[Handwritten initials]*

- 4.6 Die **HURDER** sal aanspreeklik wees om die belastings deur die Stadsraad op die **EIENDOM** gehef te betaal, onderworpe aan die voorwaardes en vereistes soos bepaal mag word in terme van die Munisipale Ordonnansie, Ordonnansie nr 20 van 1974, soos gewysig of enige ander vervangende of toepaslike ordonnansie.

5 **STREEKSDIENSTERAADHEFFING**

Die **HURDER** onderneem om alle heffings wat deur die Streeksdiensteraad op die **EIENDOM** gehef word, regstreeks aan daardie owerheid te betaal.

6 **MYN- EN ANDER REGTE**

Die **VERHUURDER** behou voor alle regte op metale, minerale, steenkool, klip van alle soorte, klei en gruis, met inbegrip van die reg van toegang tot die eiendom te alle tye om sodanige metale, minerale of steenkool te myn of om klei, gruis en klip te verwyder, onderworpe aan 'n vermindering van die huurgeld in verhouding tot die oppervlakte wat deur die **VERHUURDER** vir sodanige mynwerk of verwydering teruggeneem word.

7 **BESKERMING VAN BOME**

- 7.1 Alle bome, wingerde of dergelike verbeteringe op die verhuurde perseel bly die eiendom van die **VERHUURDER** en mag nie deur die **HURDER** beskadig of verwyder word nie.

- 7.2 Die **HURDER** moet die geskrewe toestemming van die **VERHUURDER** vooraf verkry vir die verwydering van enige bome, wingerde en dergelike verbeteringe op 'n terrein wat hy vir verbouing nodig het, en as sodanige toestemming verleen word, behou die **VERHUURDER** die reg voor om oor die hout vir sy eie voordeel te beskik.

ETS

CR

12/2

YH D

- 7.3 Die VERHUURDER behou die reg voor om deur sy amptenare periodieke inspeksies van bome, wingerde en dergelike verbeteringe op die eiendom uit te voer en om sodanige stappe ter beskerming daarvan te neem as wat hy nodig mag ag.
- 7.4 Die VERHUURDER behou die reg voor om self enige bome op die eiendom wat nie deur die HUURDER aangeplant is nie, te kap en te verwyder, en hiervoor het hy vrye toegang tot die eiendom.
- 7.5 Die HUURDER onderneem om geen mak wingerdstokke op die eiendom te plant nie, en enige wynkwota wat deur die Ko-operatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika Beperkt, aan die EIENDOM toegeken is, mag onder geen omstandighede met enige ander kwota gekonsolideer word nie, tensy die VERHUURDER dit vooraf goedkeur, met of sonder bepaalde voorwaardes.
- 8 WATERBRONNE
- 8.1 Die VERHUURDER waarborg geen voorraad van oppervlakte- of ondergrondse water nie.
- 8.2 Die HUURDER onderneem om nie met fontein of met die natuurlike vloei van oppervlakte afloopwater in te meng nie deur kanale, vore of damme te bou of om enige ander werke uit te voer sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die VERHUURDER nie, en vir die toepassing van hierdie subklousule is 'n opinie van die betrokke Staatsdepartemente en/of onderafdelings daarvan bindend en finaal.
- 8.3 Die VERHUURDER behou die reg voor om water op die EIENDOM op te gaar of om die gebruik van water uit fontein of strome te beperk, indien sodanige opgaring of beperking na sy mening noodsaaklik is ter beskerming van die regte van derde partye.
- 8.4 Die HUURDER onderneem om alle strome, fontein of opgaardamme teen besoedeling te beskerm, en om sodanige instruksies uit te voer as wat die VERHUURDER periodiek te dien einde mag uitreik.

ETSP.  
RS

CR

1982


YF

## 9 GRONDBEWARING

- 9.1 Die **HURDER** onderneem om die **EIENDOM** te gebruik deur die verbouing van die grond op 'n versigtige en sorgsame wyse, en ook om verswakking van die natuurlike vrugbaarheid en kwaliteit teen te werk.
- 9.2 Die **HURDER** onderneem om gronderosie teen te werk en om stiptelik uitvoering te gee aan die bepalings van enige grondbewaringskema wat volgens wet op die **EIENDOM** van toepassing mag wees, en te dien einde behou die **VERHUURDER** die reg voor om periodieke instruksies uit te reik.
- 9.3 Die **VERHUURDER** behou die reg voor om sodanige werke uit te voer as wat hy nodig mag ag vir die bestryding van gronderosie, en wel op die koste van die **HURDER** as laasgenoemde versuim om dit op die **VERHUURDER** se versoek te doen.
- 9.4 Die **HURDER** onderneem om geen sand, grond of gruis vanaf die **EIENDOM** vir verkoping of gebruik elders te verwyder nie.
- 9.5 Die **HURDER** onderneem om toe te sien dat geen vullis, rommel of afval op die **EIENDOM** gestort word nie.

## 10 SKADELIKE GEWASSE

- 10.1 Die **HURDER** onderneem om die **EIENDOM** van skadelike gewasse skoon te hou.
- 10.2 Die **VERHUURDER** behou die reg voor om sodanige stappe as wat hy dienlik mag ag, te doen ter verwydering van dergelike geproklameerde onkruid, en wel op die koste van die **HURDER** ingeval laasgenoemde versuim om dit op die **VERHUURDER** se versoek te doen.



## 11 **BRANDBESTRYDING**

- 11.1 Die **HURDER** onderneem om die uiterste sorg uit te oefen ter beskerming van die **EIENDOM** teen veldbrande, en die **VERHUURDER** kan vereis dat die **HURDER** op sy eie koste sodanige brandpaaie bou as wat die **VERHUURDER** nodig mag ag.
- 11.2 Die **HURDER** is aanspreeklik vir vergoeding aan die **VERHUURDER** vir enige uitgawe aangegaan om brande te voorkom of te blus. Brandskade aan bome of ander plante op die **EIENDOM** wat aan die **VERHUURDER** behoort, word deur 'n taksateur wat deur die **VERHUURDER** aangestel en wie se bevinding bindend is, bepaal, en aan die **VERHUURDER** deur die **HURDER** vergoed.


## 12 **OMHEINING**

- 12.1 Die **HURDER** is verantwoordelik vir die oprigting en koste van enige omheining wat hy vir die beskerming van sy oeste of diere op die **EIENDOM** nodig mag ag.
- 12.2 Omheining wat deur die **HURDER** opgerig word, kan binne een maand na die afloop van die huurooreenkoms verwyder word, maar die **VERHUURDER** kan uitstel vir sodanige verwydering verleen totdat die **EIENDOM** weer verhuur is om onderhandelinge met die opvolger vir die verkoping of oordrag daarvan moontlik te maak, met dien verstande dat die **VERHUURDER** eienaar van sodanige omheining word indien geen finale reëlings binne sestig dae vanaf die datum van herverhuring deur die **HURDER** getref is nie, en in so 'n geval is die **HURDER** nie geregtig tot enige vergoeding vir die omheining wat aldus deur hom verbeur is nie.

  
16/12

  
R.S.

  
R.



### 13 ONDERVERHURINGS, SESSIES OF OORDRAGTE, ENS

- 13.1 Die **HURDER** sal nie hierdie huurooreenkoms seeder of oordra nie, en onderverhuur nie die **EIENDOM** of enige deel daarvan sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die **VERHUURDER** nie.
- 13.2 Die **VERHUURDER** kan 'n sertifikaat as bewys vereis dat 'n maatskappy, beslote korporasie of trust wat 'n **HURDER** is, wel as sodanig geregistreer is.
- 13.3 Dit word op rekord geplaas dat die **VERHUURDER** toestemming verleen vir die sessie en delegasie van hierdie huurkontrak aan en ten gunste van 'n erfgenaam of erfgename van die **HURDER** as sodanig deur die **HURDER** benoem.
- 13.4 By verandering van die beherende aandeelhouding of beherende belange in 'n maatskappy of beslote korporasie wat 'n **HURDER** is, of by verandering van direkteure of by likwidasie van die maatskappy of beslote korporasie of ingeval die maatskappy of beslote korporasie onder geregtelike bestuur geplaas word, bly die oorspronklike borge ten behoeve van die maatskappy of beslote korporasie gesamentlik en afsonderlik en as mede-hoofskuldenaars teenoor die **VERHUURDER** aanspreeklik, tensy die **VERHUURDER** op skriftelike aansoek van die **HURDER** toestem tot vervanging van sodanige borge.
- 13.5 Verandering van die beherende aandeelhouding of beherende ledebelang, direkteure of trustees van 'n maatskappy, beslote korporasie of 'n trust wat 'n **HURDER** is, word geag 'n onderverhuring te wees.

### 14 GEBOUE EN STRUKTURELE VERBETERINGE

- 14.1 Enige gebou of strukturele verbeteringe wat op die **EIENDOM** by die aanvang van die huurooreenkoms bestaan, of mettertyd gedurende die huurtermyn opgerig mag word, sal deur die **HURDER** op sy eie koste hetsy binne of buite in 'n goeie toestand gehou word en wel tot die bevrediging van die **VERHUURDER** en indien die **HURDER** versuim om dit te doen kan die **VERHUURDER** sodanige reparasies as wat hy nodig mag ag, laat aanbring terwyl die **HURDER** vir die uitgawe aanspreeklik bly.

Handwritten signatures and initials at the bottom of the page, including a large checkmark, a signature with "ETSP" in a circle, and other illegible marks.



- 14.2 Geen nuwe gebou, struktuur of ander permanente verbetering sal op die EIENDOM aangebring, opgerig of uitgevoer word sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die VERHUURDER nie, en sonder dat bouplanne ten opsigte van sodanige verbeteringe vooraf deur die VERHUURDER goedgekeur is nie en laasgenoemde kan gelas dat sodanige gebou, struktuur of verbetering wat inderdaad sonder sy skriftelike goedkeuring en toestemming opgerig, aangebring of gebou is deur die HUURDER op sy eie koste verwyder word.
- 14.3 Goedgekeurde verbeteringe van 'n permanente aard sal deur die HUURDER op sy eie risiko aangebring of opgerig word.
- 14.4 Die VERHUURDER sal enige geboue of ander verbeteringe wat by die aanvang van die huurtermyn op die EIENDOM is in sy uitsluitlike diskresie teen skade verseker en sodanige versekering instand hou, met dien verstande dat die HUURDER verantwoordelik sal wees vir die volle kostes en premies verbonde aan sodanige versekering, en die VERHUURDER sal derhalwe die kostes en premies direk van die HUURDER vorder.
- 14.5 Indien die VERHUURDER kontant van 'n versekeringsmaatskappy sou ontvang ter vergoeding van 'n eis ten opsigte van skade aan enige verbetering op die EIENDOM soos in subklousule 14.4 van hierdie ooreenkoms genoem, kan hy die verbetering herstel of die kontant hou, na gelang hy dit dienlik ag.
- 14.6 Behuising kan, met behoud van die bepalinge van subklousules 14.1, 14.2, 14.3 en 14.4 van hierdie ooreenkoms aan werkers wat die HUURDER op die EIENDOM in diens het, met inbegrip van hul onmiddellike afhanklikes, op die EIENDOM voorsien word, onderworpe aan die voorafverkreë skriftelike toestemming van die VERHUURDER, en die stiptelike nakoming van die bepalinge en vereistes van die toepaslike wetgewing met betrekking tot behuising.
- Enige plakkery op die EIENDOM is ten strengste verbode.
- 14.7 Die HUURDER sal geen reg of aanspraak hê of vergoeding kan eis ten opsigte van verbeteringe, met inbegrip van landboukundige verbeteringe wat tydens die huurtermyn op die EIENDOM aangebring is nie, en die VERHUURDER behou die reg voor om, by beëindiging van hierdie ooreenkoms ingevolge die

bepalings van klousule 3, subklousules 4.4, 20.1.1, 20.1.2 en 20.2 of andersins volgens sy eie diskresie en goeddunke te besluit of die VERHUURDER bereid is om die HUURDER enigsins te vergoed vir sodanige verbeteringe. Voorts kan die VERHUURDER in die alternatief toestem tot die verwydering van enige verbetering binne 'n tydperk soos deur die VERHUURDER voorgeskryf, by gebreke waarvan die HUURDER enige reg op verwydering van sodanige verbeteringe of enige verdere aanspraak van watter aard ookal sal verbeur, ten gevolge waarvan die betrokke verbeteringe sonder enige aard van vergoeding die EIENDOM van die VERHUURDER word.

## 15 BAKENS


- 15.1 Deur die huurooreenkoms te onderteken erken die HUURDER dat hy bewus is van die werklike ligging van alle bakens wat die EIENDOM se grense bepaal en enige onkunde of misverstand aan sy kant in hierdie verband raak nie die geldigheid van die huurooreenkoms of maak hom nie geregtig tot 'n vermindering van die huurgeld of tot kompensasie in enige vorm nie.
- 15.2 Indien enige bakens wat die grense van die EIENDOM bepaal na ondertekening van hierdie ooreenkoms nie gevind kan word nie, is die HUURDER aanspreeklik vir alle opmetings- en ander kostes verbonde aan die herplasing van sodanige bakens.

## 16 PAAIE

Die HUURDER onderneem om alle bestaande paaie op die EIENDOM in 'n goeie toestand te hou, en voorts om geen verdere paaie te bou of oop te maak sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die VERHUURDER nie.

  
LGR

  
EPSP - RJ

  
a



17 **INSPEKSIES**

Die gemagtigde amptenare van die **VERHUURDER** kan te eniger tyd die **EIENDOM** betree om sodanige inspeksies as wat hulle nodig mag ag, uit te voor en om vas te stel of die voorwaardes en bepalinge van die huurooreenkoms stiptelik nagekom word.

18 **ADVERTENSIE TEKENS**

Die **HURDER** sal geen advertensietekens hoegenaamd op die **EIENDOM** oprig nie, en sal ook nie toelaat dat sulke tekens opgerig word sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die **VERHUURDER** nie.

19 **ERFDIENSBAARHEID EN VERJARING**

19.1 Die huur is onderworpe aan enige erfdiensbaarheid wat aan die **EIENDOM** kleef, en as dit te eniger tyd sou blyk dat die **VERHUURDER** nie daartoe geregtig was om die **EIENDOM** of enige deel daarvan te verhuur nie, het die **HURDER** geen eis vir skadevergoeding behalwe dat die huurgeld *pro rata* verminder word ten opsigte van daardie deel van die **EIENDOM** wat nie vir okkupasie of gebruik deur die **HURDER** beskikbaar is nie.

19.2 Die **HURDER** erken hiermee dat hy geen aanspraak op eiendomsreg by wyse van verjaring ten opsigte van die **EIENDOM** wat verhuur word sal verkry nie.

20 **OPSEGGING EN BEÏNDIGING VAN HUUROOREENKOMS**

20.1 Die **VERHUURDER** kan, sonder om afbreuk te doen aan enige bepaling of vereistes van hierdie ooreenkoms, met spesifieke verwysing na die bepalinge van klousule 4 hiervan, en nadat 'n skriftelike kennisgewing op die **HURDER** beteken is, hierdie ooreenkoms beëindig -






- 20.1.1 indien die **HURDER** versuim om enige voorwaarde of bepaling ten opsigte van hierdie ooreenkoms na te kom; of
- 20.1.2 indien die **VERHUURDER** daarvan oortuig is dat die **HURDER** die grond op onbehoorlike of onverantwoordelike wyse benut; of
- 20.1.3 indien die **VERHUURDER** daarvan oortuig is dat die **HURDER** deur sy handelinge op die **EIENDOM** 'n oorlas vir ander uitmaak; of
- 20.1.4 indien die **HURDER** teenstrydig met enige bepaling van die soneringskema van die Munisipaliteit van Stellenbosch afgekondig by PK 73 van 1979-07-20, soos vervang of gewysig, optree; of
- 20.1.5 indien die **EIENDOM** in sy geheel of gedeeltelik vir *bona fide* munisipale doeleindes, waarby dorpsstigting ingesluit is, benodig word

met dien verstande dat 'n grasieperiode van hoogstens een (1) jaar in die gevalle soos in subklousules 20.1.1; 20.1.2; 20.1.3; 20.1.4 en 20.1.5 genoem aan die **HURDER** verleen word, ten einde die **HURDER** in staat te stel om die oeste wat op daardie stadium uitstaande mag wees te in, op voorwaarde dat die **HURDER** gedurende die grasieperiode aan al die bepalings en vereistes van hierdie ooreenkoms, of ander voorwaardes wat die **VERHUURDER** in hierdie verband mag stel moet voldoen, by gebreke waarvan die toegestane grasieperiode sonder verdere kennisgewing deur die **VERHUURDER**, in sy uitsluitlike diskresie, in heroorweging geneem sal word.

- 20.2 die **HURDER** kan, sonder om afbreuk te doen aan enige bepaling of vereiste van hierdie ooreenkoms, met spesifieke verwysing na subklousules 4.1, 4.2, 4.3 en klousule 24, hiervan, en nadat 'n skriftelike kennisgewing van ses (6) maande

68/8

27/8/11

a

Y. J.

deur die **HURDER** aan die **VERHUURDER** gegee is, hierdie ooreenkoms beëindig.

## 21 SKADELOOSSTELLING

Die **HURDER** onderneem hierby om die **VERHUURDER** te vrywaar en gevrywaar te hou teen alle gedinge, stappe, eise, vorderings, koste, skadevergoeding en uitgawes wat gehêf, gebring of gemaak mag word teen die **VERHUURDER** of wat die **VERHUURDER** mag betaal, opdoen of aangaan as gevolg van enige handeling of versuim aan die kant van die **HURDER**, sy werknemers of persone wat onder sy beheer handel.

## 22 KOSTE VAN OOREENKOMS

22.1 Alle kostes wat deur die **VERHUURDER** aangegaan is vir die voorbereiding en opstel van hierdie ooreenkoms, plus die koste van die verhuringsadvertensie, opmetingskoste en ander toevallige uitgawes sal deur die **HURDER** gedra word, en die **HURDER** kan nie die korrektheid van die bedrag wat deur die **VERHUURDER** in hierdie verband geëis word, betwis nie.

22.2 Die huurooreenkoms sal slegs op die uitdruklike versoek van die **HURDER** en op sy koste notarieël verly en in die akteskantoor geregistreer word. Die **HURDER** moet in sodanige geval 'n deposito betaal soos deur die **VERHUURDER** bepaal ten opsigte van die kostes hierbo vermeld.

## 23 ARBITRASIE

23.1 Enige geskil wat te eniger tyd tussen die partye mag ontstaan in verband met enige aangeleentheid voorspruitende uit hierdie ooreenkoms, sal onderwerp word aan en besleg word deur arbitrasie.

23.2 Iedere sodanige arbitrasie moet plaasvind -

23.2.1 te Stellenbosch;

23.2.2 op 'n informele summiere wyse sonder enige pleitstukke of blootlegging van dokumente en sonder die noodsaaklikheid om aan die strenge reëls van die bewysreg te voldoen;

23.2.3 onverwyld, met die oog daarop om dit af te handel binne drie (3) maande vanaf die datum waarop die geskil na arbitrasie verwys is;

23.2.4 onderworpe aan die bepalings van die Wet op Arbitrasie, no 42 van 1986, of sodanige ander Arbitrasiewette as wat van tyd tot tyd mag geld, behalwe waar die bepalings van hierdie klousule anders voorskryf.

23.3 Die arbiter moet 'n persoon wees op wie deur die partye onderling ooreengekom is en, by onstentenis van 'n ooreenkoms, een aangestel deur die diensdoenende President van die Wetsgenootskap van die Kaap die Goeie Hoop.

23.4 Die partye kom hiermee onherroeplik ooreen dat die beslissing van die arbiter in sodanige arbitrasieverrigtinge finaal en bindend op hulle sal wees.

## 24 INVORDERINGSKOSTE

Indien die VERHUURDER opdrag aan sy prokureurs sou gee om enige gelde wat kragtens hierdie ooreenkoms betaalbaar is, op die HUURDER te verhaal, is die HUURDER aanspreeklik vir die betaling van alle koste deur die VERHUURDER in hierdie verband aangegaan, bereken op 'n prokureur/kliënt-basis.

*[Handwritten signature]*  
bgr

*[Handwritten signature]*  
28/1  
Ad

*[Handwritten signature]*  
d

*[Handwritten signature]*  
H E

25

## DOMICILIUM CITANDI ET EXECUTANDI

Die domicilium citandi et executandi van die **HURDER** vir die toepassing van hierdie ooreenkoms is:

*La Concorde, Hoofstraat - 57, Suider-Paarl 7646.  
(Postbus 528, Suider-Paarl 7624)*

en die van die **VERHUURDER**

*Stadhuiskompleks, Pleinstraat, Stellenbosch*

*[Signature]*  
a

GETEKEN TE STELLENBOSCH HIERDIE  
AS GETUIES

12 DAG VAN Mei 1992

1 *B. Lippel*

*[Signature]*

BURGEMEESTER

2 *Gj Robinson*

*[Signature]*

UITVOERENDE

HOOF/STADSKLERK

*[Signature]*  
a

GETEKEN TE <sup>PAARL</sup> ~~STELLENBOSCH~~ HIERDIE  
AS GETUIES

24ste DAG VAN Maart 1992

1 *[Signature]*

Geregistreer kantens die Kaapstad 31


Ko-operatiewe Wijnbouwers Vereniging van  
Zuid-Afrika Beperkt.

2 *[Signature]*

*[Signature]* - SEKRETARIS  
HUURDER

(#SPROEI/KONTRAK/II)

*[Signature]* RD



Nota:

Hierdie kaart bevat 'n gedeelte van perseel 369 A en perseel 369 B.

Skaal: 1/10 000

Die figuur, abcdefghijklmnopqrstu stel voor 62,7 Ha (benaderd tot die naaste half Ha) (die 10,5m pad uitgesluit) grond synde

Munisipale Huurgrond Perseel 369 P

geleë in die Munisipaliteit en Afdeling Stellenbosch Provinsie Kaap die Goeie Hoop.

Opgesiel deur my  
Julie 1982

Ko-öperatiewe Wijnbouers Vereniging  
Zuid-Afrika Beperk.

Oorspronklike Kaart

Nr. ....

TJA Stel F.5.35

BH-PDCB

<p>Burgemeester</p> <p>Stadsheer</p> <p>Geluid 1. <i>B. Sippel</i></p>		<p>Geluid 1. ....</p>
--	--	-----------------------

*Handwritten signatures and initials.*



BYLAE A



KWW

POSBUS/PO BOX 528 BUIDER-PAARL 7624

(02211) 73911

# I UITTREKSEL UIT DIE STATUUT VAN DIE KOÖPERATIEWE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA, BEPERKT

## "Regulasie 87

- 1 Die Raad kan van tyd tot tyd 'n Uitvoerende Hoofbestuurder aanstel .....

Sodanige Uitvoerende Hoofbestuurder het volle bevoegdheid om met alle aangeleenthede wat deur die Raad aan hom toevertrou of gedelegeer is, te handel.

- 2 Sodanige uitvoerende hoofbestuurder kan enige bevoegdheid aan hom toevertrou aan enige amptenaar in diens van KWW of sy filiale opdra"

# II UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE VAN DIE KOÖPERATIEWE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA, BEPERKT GEHOU TE PAARL OP 22 APRIL 1980

## "153 Delegering van Bevoegdheid

Met verwysing na regulasie 87(1) van die Vereniging se Statuut soos gewysig op 27 November 1979 in verband met die delegasie van bevoëghede aan die Uitvoerende Hoofbestuurder en aan amptenare van die Vereniging word Besluit dat:

- 1 die Uitvoerende Hoofbestuurder gemagtig word om alle regshandelinge te verrig, om alle stappe te doen en middele te gebruik soos wat nodig mag wees om die besluite en die beleid van die direksie tot uitvoering te bring in belang van die Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperk

KO-OPERATIEWE WIJNBOUWERS  
VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA BEPERKT  
TELEGRAFIESE ADRES  
WYNSTOK SUIDER-PAARL  
REPUBLIEK VAN ZUID-AFRIKA  
TELEFAX 73000  
TELEKS 5-27107 KWW

CO-OPERATIVE WINEGROWERS  
ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA LTD  
TELEGRAPHIC ADDRESS  
WYNSTOK SUIDER-PAARL  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
TELEFAX 73000  
TELEX 5-27107 KWW


### III BEVESTIGING VAN GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID

Ek Schalk Willem Joubert bevestig dat ek as Sekretaris van die Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt kragtens regulasie 87 saamgelees met notule 153.1 deur die gesegde Uitvoerende Hoofbestuurder gemagtig is om die langtermyn huurkontrak tussen die Munisipaliteit Stellenbosch ("die Verhuurder") en Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt ("die Huurder") ten opsigte van Plaas No 369 P groot 62,70 ha, Stellenbosch namens die Huurder te onderteken.

Geteken te Paarl hierdie 16de dag van September 1992

Geregistreer kragtens die Kommerselewet, 1981

**Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van  
Zuid-Afrika Beperkt.**

  
SEKRETARIS

WA 80

BYLAEB

**BELEID EN TOEPASSING VAN DIE HUURGELDBEREKENING**

- 1 (a) Vir die doeleindes van hierdie ooreenkoms word die huurgeld gebaseer op die onverbeterde waarde van die Landbougrond in welke geval die volgende woordbepaling van toepassing sal wees:

*"Onverbeterde grond"* - beteken grond soos in sy natuurlike staat, met of sonder natuurlike plantegroei, waarop geen spesifieke struik of gewasse voorkom en verbou word met die doel om dit te oes nie;

- 1 (b) die waarde van die onverbeterde Landbougrond sal deur die KWV bepaal word; en

- 1 (c) vir die jaar 1989 word die waarde van die grond vasgestel op R7 200,00 per hektaar waarop die Stadsraad 'n opbrengs van 5 % verwag.


2 **Huurgeld betaalbaar in eerste termyn van vyf (5) jaar**

- (a) Die jaarlikse basiese huurgeld ingevolge klousule 4.1 van die huurooreenkoms betaalbaar, is die som van R360,00 per hektaar per jaar;
- (b) die basiese huurgeld sal jaarliks met 70 % van die styging van die amptelike verbruikersprysindeks soos op 31 Desember van die vorige jaar eskaleer, welke eskalasie vanaf 1990-04-01 opgeskort word vir vyf (5) jaar of totdat die water beskikbaar is, watter gebeure ookal eerste plaasvind.

3 **Aangepaste huurgeld na vyf (5) jaar**

Die basis van die huurgeld sowel as die persentasie aanpassing soos beskryf in paragrawe 1 en 2 sal elke vyf (5) jaar herbepaal word ooreenkomstig die basis beskryf in par. 1 of op 'n ander basis waarop onderling ooreengekom word. Indien die partye nie konsensus kan bereik oor die huurgeld nie, sal sodanige kwessie verwys word vir arbitrasie ingevolge klousule 23 van die hoofooreenkoms.






#### 4.1 Addisionele Huurpremie

Die **HUURDER** sal vir dertig (30) jaar 'n vaste addisionele huur per hektaar per jaar betaal ter bestryding van die rente en delgingsbedrae, bereken teen 15 % per jaar, ten opsigte van die kapitale verpligting aangegaan ter vestiging van die waterreg op die **EIENDOM**. Die **HUURDER** kan te eniger tyd met die **VERHUURDER** onderhandel om die kapitale verpligting af te los voor die verstryking van 30 (**DETTIG**) jaar.

#### 4.2 Vergoeding by huuropsegging ten opsigte van bona fide munisipale behoeftes

Wanneer subklousule 20.1.5 in werking tree sal die volgende van toepassing wees:

- 4.2.1 indien die kapitale verpligting (*par 4.1 hierbo*) reeds ten volle deur die **HUURDER** afgelos is, sal die kapitaalgedeelte daarvan op 'n streng pro rata-basis vergoed word in die verhouding waarin die onverstreke termyn ten opsigte van die kapitale verpligting tot die volle termyn van 30 (**DETTIG**) jaar (*par 4.1 hierbo*) staan; of
- 4.2.2 indien die kapitale verpligting nog nie ten volle deur die **HUURDER** afgelos is nie, sal hy vanaf datum van kansellasië van hierdie ooreenkoms, van die betaling van verdere addisionele huurpremies kwytgskeld word, met dien verstande dat sodanige kwytgskelding slegs betrekking sal hê op bedrae wat nog in die toekoms verskuldig en betaalbaar sou word; en
- 4.2.3 die **HUURDER** sal geregtig wees om vergoeding vir die direkte koste wat hy gehad het ten opsigte van die noodsaaklike infrastruktuur, beperkend tot pypleidinge, kleppe, krane en meters en die koste van die vestiging, koppeling en installering daarvan, wat as 'n direkte gevolg en gepaardgaande met die vestiging van die waterreg, op die verhuurde eiendom aangebring is. Die vergoeding sal soos volg bereken word:

die gemiddelde waardasie van 2 (**TWEE**) onafhanklike buitelanders van die historiese koste van die noodsaaklike infrastruktuur (soos hierbo beskryf) minus waardevermindering, bereken in gelyke paalemente oor 'n periode van 20 (**TWINTIG**) jaar.

(#SPROEI/KONTRAK/II)

*[Handwritten signatures and initials]*

*[Handwritten initials]*

537.		To consider applications for the cession, assignment or sub-letting of leases					EM - Exceeding 10 years <u>in consultation</u> with MAYCO MM - Not exceeding 10 years DIR-HIS&PM not exceeding 36 months NOTE: If the lease of immovable property is longer than 10 years, it must be notarial executed	L
538.		To approve the renewal of lease agreements, where the agreement provides for such renewal					EM - Exceeding 10 years MM - Not exceeding 10 years DIR-HIS&PM not exceeding 36 months NOTE: This delegation may only be exercised on condition that new market related rental be approved by the CFO in terms of the approved tariff structure. NOTE: If the lease of immovable property is longer than 10 years, it must be notarial executed	L
539.		Issuing of Special Power of Attorney to 3 <sup>rd</sup> parties to obtain rights in Council-owned property, i.e. land use rights, building plans, EIA, Heritage, ect.					MGR - MPM <u>After consultation</u> with relevant Director	L
540.		Consider applications for the placement of posters and banners on municipal property in terms of Council's policy					MGR - MPM <u>in consultation</u> with MGR-MTR&S	L
541.		To exercise all the rights and obligations of the Municipality as lessor or principal in respect of agreements of lease, servitudes and other legal instruments related to the incumbent's area of jurisdiction.					MGR - MPM	L
542.		To appoint valuers on such terms and conditions as he/she may deem fit, in the event of it being considered necessary and in the interest of the Council to obtain independent valuations advice regarding the acquisition or disposal of Council land or rights in such land					MGR - MPM subject to budget requirements and Supply Management.	L
543.	S 31 of the Deeds Registries Act	To authorise the refunding of the pro-rata share of the rates paid in respect of the land acquired by way of expropriation as from the date of transfer to or occupation by the Council whichever be the earlier					MGR - MTO and may be sub-delegated to Head: Revenue	L
544.	S 140(1) Municipal Ordinance	Give notice to owners of private property of Council's intention to construct or do maintenance work on municipal services on, over or under their property					MGR - MPM (at the request of the DES)	L

## MINUTES

11<sup>TH</sup> COUNCIL MEETING OF THE COUNCIL  
OF STELLENBOSCH MUNICIPALITY

2017-08-30

10.5	<b>MOTION BY COUNCILLOR DA HENDRICKSE: CANCELLATION OF LEASE AGREEMENT WITH KWV ON PORTION OF ERF 369</b>
------	---

**11<sup>TH</sup> COUNCIL MEETING: 2017-08-30: ITEM 10.5**

The Speaker allowed Cllr DA Hendrickse to put his Motion, duly seconded. After the Motion was motivated, the Speaker allowed debate on the matter.

During debate on the matter, the Executive Mayor, Ald G van Deventer (Ms) raised a Point of Order in terms of Rule 18.7 of the Rules of Order By-law, to the effect that this matter be referred to the Human Settlements Portfolio Committee.

The Speaker **RULED**

that this Motion be referred to the Human Settlements Portfolio Committee.

*Councillor DA Hendrickse requested that it be minuted that, in his view, the power to rule or resolve on this matter vests with Council and not with a Section 80 Committee nor with the Mayoral Committee.*

Meeting:	11 <sup>th</sup> Council: 2017-08-30	Submitted by Directorate:	Office of the Municipal Manager
Ref No:	3/4/1/4	Author:	MM: (Ms G Mettler)
Collab:	535716	Referred from:	

5.5.3	<b>NOTICE OF MOTION: EARLY TERMINATION OF LEASE AGREEMENT: KWV (PTY) LTD: LEASE FARM 369P, STELLENBOSCH</b>
-------	---

Collaborator No:

571382

IDP KPA Ref No:

Meeting Date:

14 March 2018

**1. SUBJECT:**

**NOTICE OF MOTION: EARLY TERMINATION OF LEASE AGREEMENT: KWV (PTY) LTD: LEASE FARM 369P, STELLENBOSCH**

**2 PURPOSE**

The purpose of this item is to consider a Notice of Motion submitted by Cllr D.A Hendrickse.

**3. DELEGATED AUTHORITY**

There is no specific delegation in place dealing with the early termination of long term lease agreements, where the Lessee is not at fault. By default the decision making power is therefor with the Municipal Council.

**4. EXECUTIVE SUMMARY**

Cllr Hendrickse submitted a Notice of Motion at the Council meeting held on 30 August 2017, recommending that the Municipal Manager be instructed to cancel the lease agreement with KWV, as they are a foreign-owned company.

As KWV is not in default, Council will have to prove that they need the land for *bona fide* municipal purposes, in which case a process of early termination can be considered.

**5. RECOMMENDATION**

That, until such time as the land in question has been earmarked for urban development, the existing contract not be terminated.

**6. DISCUSSION / CONTENTS****6.1. Background****6.1.1 Lease Agreement**

On 1991-04-01 Stellenbosch Municipality and KWV (Pty) Ltd concluded a Long Term Lease Agreement in relation to lease farm 369P a copy of which is attached as **APPENDIX 1**.

**6.1.2 Motion by Councillor Hendrickse**

At the Council meeting held on 2017-08-30 Councillor Hendrickse submitted a Notice of Motion a copy of which is attached as **APPENDIX 2**.

Having considered the motion, and after a point of order was raised by the Executive Mayor, the Speaker ruled that the motion be referred to the Human Settlements Portfolio Committee.



## 6.2 Discussion

### 6.2.1 Lease Agreement

On 1991-04-01 Stellenbosch Municipality and KWV (Pty) Ltd, now doing business as La Concorde S.A (Pty) Ltd, concluded a Long term Lease Agreement in relation to Lease Farm 369P, measuring 60.5ha in extent.

The contract is for a period of 50 years, and will expire on 31 March 2041.

In terms of clause 20.1.5 of the Lease Agreement the Municipality can, after following due process, terminate the Lease Agreement, should the Municipality need the land for *bona fide* municipal purposes, which includes township establishment; on condition that a 12 month written notice be served on the Lessee.

### 6.2.2 Legislation prohibiting the leasing of municipal land to foreign-owned companies

In the motion Cllr Hendrickse indicates that *"current legislation prohibits the Stellenbosch Municipality from leasing or selling municipal owned properties to foreign-owned companies and individuals"*.

This department is not aware of any such legislation.

### 6.2.3 Location and context: Urban Edge

Lease Farm 369P is situated to the north of Paradyskloof and south of Brandwacht, as shown on Fig 1 and 2 respectively.



Fig 1: Location and context: Lease Farm 369





Fig 2: Lease Farm 369P

As can be seen from Fig 3, the area is currently outside the urban edge, i.e. it has (to date) not been identified for township establishment/urban development.




Fig 3: Urban edge

**6.3. Financial Implications**

There is no financial implications should the recommendations as set out in the report be accepted. Should Council, however, decide to terminate the Lease Agreement, the annual financial lost (based on current lease amounts) will be approximately R 126 720.17 (R 111 158.04 + R 15 562.13 VAT) per annum.

**6.4 Legal Implications**

The recommendations in this report comply with Council's policies and all applicable legislation.

It is also in line with the contractual situation.

**6.5 Staff Implications**

This report has no staff implications to the Municipality.

**6.6 Previous / Relevant Council Resolutions:**

As has been indicated above, the Notice of Motion was considered by Council. No decision on the content, however, has been taken. The Speaker has ruled that the matter be referred to the Human Settlements Portfolio Committee.

The Portfolio Committee however, has no delegated authority to decide on the matter. Only the Municipal Council can decide on whether to amend the urban edge and, by implication, to terminate the lease agreement for the purpose of *bona fide* municipal purposes (which includes township establishment).

**6.7 Risk Implications**

This report has no risk implications for the Municipality.

**6.8 Comments from Senior Management:****6.8.1 Director: Infrastructure Services**

Agree with the recommendations.

**6.8.2 Director: Planning and Economic Development**

This directorate supports the recommendations and agrees that there is no immediate need for cancellation of the lease, in view of the effective use of the property in keeping with the purpose of the lease and the fact that the future use of the property for urban development purposes has not yet been approved by Council. A minor portion of the property will be required for road access and development purposes in order to reduce congestion on intersections leading to Paradyskloof, but these do not affect the lease.

**6.8.3 Legal Services:**

The item and recommendation is supported.



**ANNEXURES**

- A: Lease Agreement**
- B: Notice of motion**
- C: Council resolution**

**FOR FURTHER DETAILS CONTACT:**

<b>NAME</b>	<b>Piet Smit</b>
<b>POSITION</b>	<b>Manager: Property Management</b>
<b>DIRECTORATE</b>	<b>Human Settlement &amp; Property Management</b>
<b>CONTACT NUMBERS</b>	<b>021-8088189</b>
<b>E-MAIL ADDRESS</b>	<b><u>Piet.smit@ Stellenbosch.gov.za</u></b>
<b>REPORT DATE</b>	<b>2017-09-29</b>

**DIRECTOR: HUMAN SETTLEMENT & PROPERTY MANAGEMENT**

The contents of this report have been discussed with the Portfolio Committee Chairperson and the Councillor agrees with the recommendations.

YA RD

Zimbra

smartest@mweb.co.za

FW: Plaas Grondves

**From :** Nico Spreeth <Spreeth@Vittitec.com>  
**Subject :** FW: Plaas Grondves  
**To :** Chris Jones <JonesC@niveus.co.za>

Mon, Jan 23, 2017 10:55 AM  
 5 attachments

**From:** Dirk Visser  
**Sent:** Thursday, January 19, 2017 3:42 PM  
**To:** Nico Spreeth <Spreeth@Vittitec.com>  
**Subject:** FW: Plaas Grondves

**From:** Piet Smit [mailto:Piet.Smit@stellenbosch.gov.za]  
**Sent:** Thursday, January 19, 2017 2:26 PM  
**To:** Dirk Visser <Visserd@Vittitec.com>  
**Cc:** 'Clifford Heys' <Clifford@tv3.co.za>; Pedro April <Pedro.April@stellenbosch.gov.za>  
**Subject:** FW: Plaas Grondves

Dirk,

Sien onderstaande e-pos wisseling rakende die moontlike gebruik van n gedeelte van die plaas grondves vir pad doeleindes.

Ek is van oordeel dat ons die hele area uitsny uit die kontrak, in plaas van net die pad. Dit sal beteken dat julle huurgeld proporsioneel verminder sal word.

Ek ontvang graag julle insette/kommentaar in die verband.

Sou julle in ooreenstemming wees, sal ek reel vir die formele wysiging van die kontrak.

Piet

**From:** Clifford Heys [mailto:Clifford@tv3.co.za]  
**Sent:** Thursday, January 19, 2017 10:01 AM  
**To:** Piet Smit  
**Subject:** [EX] FW: Plaas Grondves

Hi Piet

Insake my e-pos hieronder.

Kon jy al die voorstel om 'n publieke pad oor Grondves te bou met KVV bespreek?

Groete

Clifford

**From:** Clifford Heys  
**Sent:** 09 December 2016 09:11 AM  
**To:** 'Piet Smit'  
**Cc:** Jan van Rensburg  
**Subject:** Plaas Grondves

Hi Piet

Ek verwys na ons vergadering vroeër vandag.

Soos met jou bespreek:

1. Vind aangeheg die voorgestelde publieke pad oor Grondves. Sal jy dit asb. met KVV bespreek en hul sanksie daarvoor kry / huurooreenkoms wysig.
2. Ook aangeheg is die Algemene Plan en Noteerfel vir die Skoolplaats ontwikkeling. Daarvolgens is 'n gedeelte van Skoolplaatsstraat voor Erf 9472 gesluit (dit is egter nie onderverdeel nie). Sal jy asb. kyk of julle hiervoor 'n huurooreenkoms met die eienaar van Erf 9472 het.

Groete

**Clifford Heys**  
 Pr Pln (TRP SA), B Econ, M (T&RP), MSAP  
 ASSOCIATE TOWN PLANNING

447 109

Cell: +27 (0)83 309 9770



ARCHITECTS AND TOWN PLANNERS  
ARGITEKTE EN STADSBEPLANNERS

DIRECTORS: JH van Rensburg - Swanepoel JG Brink - RJ Smit - IR Heunes - MIA Walters  
ASSOCIATES: J Breuninger - WD Fourie - CR Heys - A Prinsloo - H Hugo

The information in this e-mail is confidential and is intended solely for the addressee. If you have received this e-mail in error, please note that any review, copying or distribution is strictly prohibited. TV3 accepts no liability of whatever nature for any loss, liability, damage or expense resulting directly or indirectly from access to this message and any files or links that are attached hereto.



GREEN BUILDING COUNCIL  
MEMBER OF THE GREEN BUILDING COUNCIL

ADDRESS: Le Gratitude Offices 87 Dorp Street Stellenbosch 7600 TEL: +27 (21) 881 3800 www.tv3.co.za

#### Disclaimer

The information contained in this communication from the sender is confidential. It is intended solely for use by the recipient and others authorized to receive it. If you are not the recipient, you are hereby notified that any disclosure, copying, distribution or taking action in relation of the contents of this information is strictly prohibited and may be unlawful.

This email has been scanned for viruses and malware, and automatically archived by **Mimecast SA (Pty) Ltd**, an innovator in Software as a Service (SaaS) for business. **Mimecast Unified Email Management™ (UEM)** offers email continuity, security, archiving and compliance with all current legislation. To find out more, [contact Mimecast](#).

Unknown <text/html>  
15 KB


117011910012601073.png  
110 KB

Schull Plaats Extension Proposal.pdf  
903 KB

10185136.tif  
136 KB

11312478.pdf  
3 MB

Handwritten initials/signature

**HUURKONTRAK GRONDVES**

Beste Mnr Smit

Met verwysing na ons telefoniese gesprek Donderdag bevestig ek dat u my meegedeel het dat u die formele skrywe aan KWV gestuur het aangaande die voorgestelde pad en die wysiging van die huurkontrak oor die Grondves plaas. Dat die pad nie deur die munisipaliteit beplan is nie en dat dit voorgestel is deur die ontwikkelaar vir die doeleindes van hul ontwikkeling aangesien daar vereiste gestel is deur die vervoerdepartemente van provinsie en die munisipaliteit.

Ek ontvang graag so spoedig moontlik die formele skrywe wat u aan KWV gestuur het sodat ek kan seker maak dat hul wel die skrywer ontvang het.

Regards

Corlie Smart

B.Proc // LLM

**Smart Attorneys**

Heritage and Planning Law

083 325 6138

021 882 8927

Handwritten initials 'VH' and a signature.

Zimbra

smartest@mweb.co.za

**RE: HUURKONTRAK GRONDVES**

**From :** Piet Smit <Piet.Smit@stellenbosch.gov.za>  
**Subject :** RE: HUURKONTRAK GRONDVES  
**To :** 'smartest@mweb.co.za' <smartest@mweb.co.za>

Fri, 09 Jun, 2017 09:42

KVV

1 attachment

**From:** Piet Smit  
**Sent:** 24 April 2017 09:18 AM  
**To:** Lorelle Adams  
**Subject:** FW: HUURKONTRAK GRONDVES

Sal jy asb brief van KVV ook vir Corlie aanstuur?

**From:** Corlie Smart [mailto:smartest@mweb.co.za]  
**Sent:** Tuesday, April 18, 2017 1:05 PM  
**To:** Piet Smit  
**Cc:** Lorelle Adams  
**Subject:** [EX] HUURKONTRAK GRONDVES

Beste Mnr Smit

Met verwysing na ons telefoniese gesprek Donderdag bevestig ek dat u my meegedeel het dat u die formele skrywe aan KVV gestuur het aangaande die voorgestelde pad en die wysiging van die huurkontrak oor die Grondves plaas. Dat die pad nie deur die munisipaliteit beplan is nie en dat dit voorgestel is deur die ontwikkelaar vir die doeleindes van hul ontwikkeling aangesien daar vereiste gestel is deur die vervoerdepartement van provinsie en die munisipaliteit.

112



Zimbra

smartest@mweb.co.za 113

**Re: HUURKONTRAK GRONDVES**
